# PIERRE PISTORIUS

**Datum:** 24 April 2011
**Plek:** Marion Eiland
**Vraagsteller (V):** Dora Scott | Antarktiese Erfenis Projek | C•I•B | Stellenbosch Universiteit
**Antwoordsteller (A):** Pierre Pistorius | Rob- en voëlnavorser | Marion 53, 57 en NMMU | 1996 en 2000 en verskeie oornames

V: Jy was ’n spanlid gewees...
A: Mmm.
V: Meer as een keer.
A: Ja, dit was eerste in ‘96. En toe...
V: Watse nommer is dit?
A: Kan nie eers onthou nie.
V: Vroeg in die vyftigs?
A: Dit was, dit was... ek dink dit was ’54.
V: Okay.
A: ’53... ’53, ja.
V: Okay.
A: Ja, en toe weer in 2000 en dit was ’57.
V: Ja, dit maak sin.
A: Ja – ja.
V: En nou is jy...
A: En nou is ek maar hier as ‘n... Ek raak betrokke met die seevoëlwerk. So ek is nou in ’n permanente posisie by NMMU as ’n Senior Lektor en, ja...
V: Okay.
A: Dit was maar altyd die Percy FitzPatrick Institute en, MCM Oceans and Coasts wat die voëlwerk gedoen het. En nou kom ek in van NMMU...
V: NMMU wat is dit?
A: Nelson Mandela Metropolitan University...
V: Okay. *Got it*.
A: Ja.
V: Doodreg. Jinne so dit is mos ’n lang padjie wat jy stap...
A: Ja. Ja ek is ’n hele paar jaar... Ek het op ’n hele klomp eilande gespeel na dit. So ek was eers na 2000 het ek my PhD klaar gemaak. En toe gaan ek Seychelles in El Debra, ’n *World Heritage Site*...
V: Lekker...
A: ...Ongelooflike eiland. Nie deel van die *main* Seychelles nie, dis eintlik nader aan Madagaskar. En toe spandeer ek twee jaar daar en toe is ek... Ja, dit was nice gewees. Toe is ek Falkland Eilande toe, toe spandeer ek ’n jaar daar en toe maar met familie en *kids* en goed en toe kom die opsie op om daar is ’n posisie wat oop gekom het by MMNU by die Dierkundegebou, toe doen ek aansoek en ek kry hom. So ja, dis waar ek is.
V: Nou daai eerste paar jaar wat is jou rol hier op Marion, wat het jy hier gedoen?
A: Ek was, die eerste jaar het ek afgekom vir ’n MsC onder die vir die...
V: Vir UCT...
A: Nee-nee, nee-nee, vir Pretoria, onder Marthan.

V: Oh, okay, is jy van Tuks af

A: Ja dit was by Tuks met die Mammal Institute...

V: Het jy dan gewerk met die robbe?

A: Ja, ja.

V: As 'n *sealer*?

A: Ja ek was 'n sealer gewees, en dan in '96, toe doen ek my Meesters op die olifantrobbe. Dit was mos 'n langtermyn magri capture program, so toe werk ons survival and canopi en al daai goed ook uit om te kyk hoekom die populasie afgaan. Toe ek klaar is daarmee, toe het ek die weer opportunity om te kom vir nog 'n jaar. Toe kom ek af met my partner Frances Taylor in 2000 vir my PhD. So ook maar op olifantrobbe. Soortgelyke goed.

V: Okay. So jy was twee jaar sealer gewees en toe het jy maar intussen so half gedryf...

A: Toe drift ek bietjie [lag] oor na voëls toe. Ek werk nog steeds op beide. Ek werk op *Marine Top Predators* so ek werk op robbe, dolfyne en goed, maar ook op seevoëls.

V: Okay.

A: Daar is net 'n groter gap hier op die oomblik.

V: Okay.

A: In die seevoël-deel van dinge.

V: Okay. Nou daai eerste keer maar ook nou die tweede keer, hoe het dit gekom dat jy aansoek gedoen het om te gaan?

A: Ek het my ondergraads het ek in Natal gedoen. Pietermaritzburg. Toe het 'n goeie vriend van my Steve Kirkman het toe gekom. Hy was 'n jaar voor my, en toe nog van hier af toe e-pos hy vir my en sê doen wat ook al jy kan om by Marion uit te kom. Want ons is soortgelyk, ons is altwee in dierkunde. Toe gee hy vir my Marthan se adres,ensy details en toe praat ek met Marthan, doen aansoek en kry `n pos.

V: Okay. Maklik genoeg. Nou wat het jy geweet van Marion voordat jy hiernatoe gekom het?

A: Niks nie.

V: Niks nie? En het Marthan jou toe bietjie vertel van die plek?

A: Ja.

V: Kan jy onthou wat hy alles gesê het?

A: Kan ek vloek? [lag] Nee-nee.

A: Nee, nee. Hy het net gesê dis rof. Hy het net gesê dis ongelooflik mooi, maar dit het my nie soveel geraak as... Obviously, Steve Kirkman, ons is goeie vriende gewees, so hy het vir my redelik goed verduidelik van wat die scene is en hoe spesiaal die plek is.

V: Okay.

A: So redelik...

V: Nou kan jy onthou die spanvoorbereidings vir die jaar?

A: Mmm.

V: Soos wat presies het dit alles behels?

A: Ek dink dis maar omtrent dieselfde as wat dit nou deesdae is. Dit was first aid. Wat is dit? Fire fighting, kook.... Uhm. 'n Bietjie van 'n psigologiese soort van storie wat nie baie sin gemaak het nie... Wat anders was dit? Wat regtig uitstaan is die kookklasse. Ag ons het so 'n paar sosiale events gehad. Die first aid...

V: En dink jy dit was voldoende gewees vir wat jy toe nou moes kom deurmaak hier?

A: Ja. Ja. Ek dink die psigologiese, is dit psigologiese? Screening...

V: Mmm?

A: ...wat DEA doen.

V: Ja.

A: Ek dink nie dit is voldoende om van die goed op te tel van die probleme wat mense moontlik kan hê op te tel nie, maar die, ag, die training, as jy eers gekies is, dis meer belangrik as die training, dit...

V: Spandinamiek.

A: Ja dit skep ’n moerse nice spangees.

V: Okay.

A: So vir my was dit eintlik meer belangrik as die “Ek kan kook en kon first aid doen...”

V: Okay.

A: Fire fighting was iets wat ons nooit toegepas het nie.

V: So het dit verskil, die verskil tussen die twee jare wat jy hiernatoe gekom het...

A: Nee, dit was baie soortgelyk.

V: Nou watse voorbereiding moes jy spesifiek trek(f) vir jou werk as sealer? Tref?

A: Dit is maar, ek dink dis maar... Ek is nie seker nie, dit was maar deur en deel van my akademiese vir die meesters was net om ’n proposal op te skryf om al die literatuur te kry. In daai dae was dit nie, ons kon nie nog hier sit en PDF’s download nie. So dit was meeste net om al die literatuur bymekaar te kry om seker te maak dat ek al daai goed gehad het, maar sjo, dis nie regtig baie nie.

V: Ok. So het hulle jou presies gesê wat jou werk as sealer gaan behels?

A: Ja.

V: Wat het hulle gesê?

A: Baie loop, baie rowwe weer, rowwe terrein, ver van enige help, al daai goed. So redelike goeie rundown gehad van beide my vriend wat hier was en van Marthan. Dis nog steeds... As jy inkom is dit heeltemal anderster.

V: Ja dis waar.

A: Ja, ja.

V: Okay. Nou, met watter skip het julle afgekom, die Agulhas?

A: Die Agulhas ja.

V: Kan jy onthou wie die kaptein was?

A: Nee ek weet nie. [lag]

V: Nie met een van die twee nie?

A: Nee, nee.

V: Okay. Nou die vaart af. Was dit... Kan jy enigiets onthou wat gebeur het dalk enige insidente of iets op die skip?

A: Ons het rowwe weer gehad op pad af in ‘96 so ver as wat ek onthou. Ek onthou die een aandete waar die stoele regtig ge-slide het van die een kant tot die ander...

V: Gits!

A: ... met borde en goed. Ons kon omtrent nie eet nie. Ek kan nie onthou watse trip dit was nie, of dit daardie trip was nie, maar daar was een trip waar dit omtrent 16 m swells, 16-17.

V: [fluit] Dis woes.

A: Toe het ons nog dolfyne gehad wat van die crest van die swells af afgespring het. Dit was ongelooflik gewees om te sien.

V: Wow! Het hulle julle buite toegelaat? Of het julle deur die venster gekyk?

A: Deur die venster gekyk, en ons was, ek... Of was ons buite gewees? Ja hulle het nie als toegemaak nie. Ja baie impressive gewees.

V: En die vaart in 2000?

A: Niks wat ek regtig kan onthou wat uitstaan nie. Nee.

V: Okay. Maar toe jy nou die eerste keer hier op Marion aankom, wat was jou eerste gedagte?

A: Wat doen ek hier? [lag] Ja ek het 'n meisie gehad, nogals 'n *serious* meisie gehad. So dit was 'n groot ding om 'n partner daai kant te los. Veral as jy hier inkom, dit is rowwe, as 'n sealer is dit rowwe..., jy loop verskriklik baie en van die begin af is dit Kildalkey toe, Repetto's toe, *round island*. So, ag, maar baie-baie gedink, dit is 'n lang jaar wat voorlê, en het ek die regte ding gedoen? So jy wonder of jy die regte besluit gemaak het. Dit het, ag dit hou seker... Dit het gehou vir die eerste maand of so, en dan raak jy maar in die *swing of things*.

V: Mmm.

A: En, ek dink hoe beter ek die werk leer ken het, die eiland leer ken het, hoe meer ek dit geniet het. Aan die begin is dit bietjie *daunting* want jy weet nie regtig wat en waar nie, en dit is groot en jy is nie fiks nie, so jy sukkel, en ja, maar toe raak beter.

V: Ok. En die tweede keer?

A: Die tweede keer was baie *cool*, ek het saam met haar afgekom, saam met my *partner* afgekom, en 'n ongelooflike jaar gehad. Al twee my jare was ongelooflik. Ons het regtig, regtig *nice* spanne gehad. Al twee, al twee kere, die mense was net *super nice* gewees. Die spandinamiek en als was net regtig *nice* gewees. Die tweede jaar, die werk het ek baie meer geniet want ek het geweet, ek kon meer aandag gee aan die kleiner detail en goed.

V: Omdat jy meer bekend was?

A: Omdat ek geken het, ja. Veral met die teelseisoen van die olifantrobbe. Dit is chaos die eerste keer, want jy werk so hard jy weet nie, jy verstaan dit nog nie heeltemal nie. En die tweede keer omdat jy dit verstaan, dink ek, of ek het dit meer geniet. So, ja.

V: Nou, het julle baie tyd met die vorige span deurgebring? Toe julle nou hier aankom?

A: Nee, nie regtig nie.

V: Het hulle julle rond gewys of...?

A: Nee seker met die *sealers*.

V: Ja.

A: In die program, ja. So in die program met die *sealers*, wel in daai jaar... Jis, ons was eintlik net een, die program het gegroei, toe is ons maar net een, ek was op my eie gewees as *sealer*.

V: O, okay.

A: Steve Kirkman voor my was ook op sy eie gewees.

V: Die enigste sealer in die span?

A: Ja.

V: O gits.

A: Ja. So dit was nogal rof gewees. Die werk was *heavy* gewees, want dit is van die olifantrobbe... *Magri capture*, maar dit is nog dieselfde, maar dit is ek en hy, en Marthan het maar baie tyd saam spandeer. *Obviously* die goed soos die weeklikse sensus om die eiland en al daai goed. Dit bly maar dieselfde gedurende *takeover* so, so als... Ek dink gedurende die *takeovers* het ons ten minste een *Round Island* gedoen, en ag, seker so twee *trips* Repetto's, en dan twee omtrent Kildalkey toe.

V: Joe, dis woes.

A: Ja.

V: Nou het die vorige span nou... Ek praat nou spesifiek van die '96 span nou, en dan gaan ek teruggaan na die ander een. Het hulle vir julle enige wyshede gegee, oorvertel, of raad gegee of...

A: Praat jy van die span as 'n geheel of vir die rob-program?

V: Mmm, albei. Enige...

A: Definitief in die rob-program.

V: Maar is dit...

A: So van...

V: Soos werksgewys of meer oor die algemeen?

A: Albei. Ja. Van wat om te doen in die basis, hoe om goed te doen, wat werk en wat nie werk nie in terme van kookbeurte. En as jy in die veld is, en jy kan nie jou skivvy doen nie, al daai goed. En dan ook *obviously* werksgewys. En dan, ag, dan hang dit maar net af van hoe goed, ag *sorry*, redelik goed oor die weg gekom het van die ander ouens van die vorige span. Maar dit is meer dan net, dit is op `n sosiale vlak.

V: Ja.

A: Ag as mens begin praat dan praat mens net oor goed wat die jaar gebeur het, en dit is nie ’n conservative effort om van die res van die span om vir die nuwe span te leer hoe om goed te doen nie.

V: Okay.

A: Dit kom ook maar net meer net van die vorige ou wat in die program was.

V: Okay.

A: Ja.

V: En toe jy nou weer in 2000 hier aankom?

A: Uhm. Dit was... Wel, obviously toe het ek geweet hoe als werk, en dit was baie makliker. Dit is altyd so bietjie van ’n, bietjie van ’n issue as iemand wat nou voorheen in die span hier was aankom.

V: Ja.

A: Met die nuwe spanleier.

V: O, ek verstaan.

A: Ons het goeie vriende geword en als, maar die nuwe spanleier was, ag so bietjie van ’n... Omdat, omdat die... Soos ek het nou geweet hoe als werk.

V: Okay.

A: Daai was die spanleier, maar dit vat ’n rukkie om...

V: Om die...

A: Ag ek weet nie eens wat dit is nie. Net om dit uit te sort. Daar is so ’n bietjie van ’n... Ek hoor dit het al ook met ander spanne gebeur.

V: Maar ek wil nou nie so krapperig lyk nie, maar dis nou net die...

A: Dis net die, ag wat is dit?

V: Jy kan die Engelse woord ook gebruik as jy wil? Tension?

A: Miskien so bietjie tension, dit is...

V: Ja. Maar in elk geval...

A: Maar, jy weet?

V: Ek verstaan wat jy bedoel.

A: So jy kom in maar jy weet regtig hoe dinge werk , en die ou wat die spanleier is, wat *leadership* moet gee weet nie hoe dinge werk nie. So dan...

V: Dan is dit nou moeilik om ’n...

A: Obviously, jy as ’n experienced ou is jy ’n asset vir hom, maar dis ook... Dit raak partykeer bietjie moeilik. ’n Paar issues wat...

V: Wat...

A: ... wat kan ontwikkel.

V: Nee, ek kan dit indink.

A: Ja.

V: Ja, fair enough. Okay. Nou beskryf vir my ’n dag in die lewe van ’n sealer op Marioneiland.

A: [lag]Uhm. Dis baie tyd in die veld, so dis baie, dis nou in daai dae, want dinge het nou bietjie verander. Daar is ’n groter span, hulle doen bietjie meer goed, maar toe was dit, laat ek liewer vir jou verduidelik hoe ’n week gewerk het.

V: Ja.

A: So in ’n week sou ek Kildalkey toe gegaan het, en al die beaches gecheck het vir olifantrobbe, teruggekom het, maar dit vat... Jy kan seker in ’n dag as jy vroeg wakker word al die beaches sensus, so dan check jy al die flippers van die olifantrobbe en kyk of hulle tags het, en dan record jy die tags. Spandeer die aand in Kildalkey, nee, in Repetto’s of Cape Davis. Die volgende dag sal jy terugkom, dan ander kant toe so, Kildalkey toe, al die beaches daai kant toe, gewoonlik een aand in Kildalkey, van daar af Repetto’s of Grey Head toe, check die beaches daar, en dan kom jy terug. So gewoonlik is dit so vier, vyf uit die sewe dae uit, is jy in die veld, of was ek in die veld gewees. Dit is maar baie lopery. Baie net, net die tags check. Uhm...

V: Was jy in 2000 ook die enigste sealer?

A: Ja.

V: Okay, so dit is beide jare moes jy...

A: Ja.

V: En as ek jou nou reg verstaan... Met ander woorde die werk is toe nou aansienlik meer beperk omdat jy nou net een persoon was?

A: Dit was, ek dink na dit... Van so 2000, ek dink daar rond... 2004, 2005 het die program groter geword. So daar is nou meer pelsrob werk wat ek nie moes doen nie.

V: Okay. Okay.

A: Ook... Wat ek ook gedoen het, was die island round counts van die pelsrobbe.

V: Ja.

A: Uhm deployments... Ons het depth recorders op die olifantrobbe gesit, so. Ag die scats opgetel, van die pelsrobbe om te kyk wat hulle eet. Daar by Watertunnel, en dan Grey Headed toe.

V: Okay.

A: Ja.

V: Goed. Nou wat is die uitdagings verbonde daaraan om op ’n plek soos hierdie te leef en te werk ? [lag]

A: Die uitdagings is seker heeltemal verskillend vir verskillende mense. Vir ’n... vir ’n... As jy werk met robbe is jy die heeltyd in die veld, so jy spandeer baie tyd in die veld. As jy dit geniet dan’s dit nie ’n... dan’s dit maklik en ek het dit baie geniet. Ek geniet dit om uit te wees al is die weer sleg. Ek geniet dit om in die hutte te bly. Van die ouens geniet dit glad nie, en dan is dit, dan’s dit moeilik.

A: Van die ouens sal al die pad Kildalkey toe stap, sensus langs die beaches oorgaan Grey Headed toe, Watertunnel, Grey Headed, en dan nog dieselfde dag terugstap.

V: Goeie genugtig.

A: Wat ongelooflik is...

V: Ja.

A: Maar dan obviously kan die ouens nie `n goeie job doen nie, maar dit is omdat die ouens... Nie ’n... Hulle raak, ek weet nie wat dit is nie... Maar hulle hou obviously nie daarvan om in die hutte te bly nie, of om in die veld te wees nie.

V: Ja.

A: So, uhm ja. Dit hang maar, dit hang maar af van wat jy geniet. Vir my, wat was die challenges gewees? Ek het dit baie geniet, vir my was daar nie ’n groot challenge gewees nie. Die mees

belangrikste ding is om die spandynamics... Om seker te maak dat dit werk deur jou kant te bring.

V: Okay.

A: En in beide my jare het dit goed gewerk. Maar daar was 'n hele klomp jare voor en na my wat dit glad nie gewerk het nie. En dit kan regtig moeilik wees.

V: Nou, wat dink jy maak 'n goeie span?

A: Uhm...?

V: Want jy wat sê die dinamika is goed, so hoekom dink jy het julle spanne gewerk?

A: Ag, dit is maar... Jis dit is 'n hele klomp goed, ek meen dis baie, baie kompleks. Uhm. Daar is baie, baie keer cultural issues. Soos as daar 'n groep swartes en wittes, dan is daar baie separation partykeer. Maar daar, uhm... Maar dit is maar... Ag, jy gooi verskillende sekse en cultures bymekaar, dan is daar net baie moontlikheid vir probleme.

V: Ja. Soort van.

A: En aan my kant het ons net, in al twee spanne... In die tweede span het ons 'n baie goeie leier gehad.

V: Wie was dit?

A: Chris de Beer.

V: Okay.

A: Baie, wat is dit? Nie met 'n iron fist nie. Hy het almal baie freedom gegee, en as daar probleme was, dan't hy, dan't hy opgestaan en...

V: Ja.

A: Dit aangetree. Die eerste jaar het ons nie 'n goeie spanleier gehad nie. Wag, ek wil nie sulke goed op rekord sê nie, maar nie 'n verskriklike goeie spanleier gehad nie, maar hy het 'n baie... Ag, ons was net, ons was net almal vriende gewees.

V: Okay.

A: Of meeste van ons, so baie soortgelyke...

V: Dit was meer 'n gelyke speelveld.

A: Interests gehad en ja. Dit was met Deon Nel, en Danie Erasmus en Adam Gabriel en...

V: Ja daar was...

A: En, hard geparty, baie geparty en baie hard gewerk. En dit is nogal, dit werk.

V: Okay en julle was net 'n klomp mans gewees?

A: En... Nee, daar was toe twee girls gewees. Dit was die eerste jaar wat daar toe, dit was Christine Hanel en...

V: Was dit in '96?

A: Ja-ja.

V: O, okay.

A: Ja.

V: So dit was Christine Hanel en wie was die ander girl?

A: Janine, ag Gina. (Jeanne Hurford)

V: Okay.

A: Sy het afgekom met Deon.

V: Okay.

A: So. Ja, hulle was klaar 'n couple en Christine was baie experienced.

V: Mmm. Dis waar.

A: So, so dit het dit baie makliker gemaak. Toe was dit Marumo (Setlhare). Toe was dit net een, ek dink. Marumo? Ja. Daar was net een swarte in die span gewees.

V: In '96 nou?

A: Ja.

V: En in 2000?

A: Toe was dit twee gewees.

V: Okay.

A: So, ja. Minority, baie minder swart as wit.

V: Ja. En...

A: In altwee daai jare was hulle... Dit was my eerste jaar. Marumo was ongelooflik. So almal het... Hy was net ’n moerse nice ou gewees. Tweede jaar was dit Shadrack wat nou die leader is. En hy is ook... Hy is tops. Hy het regtig goed oor die weg gekom met almal. En Bantoe Moliliso (Hanise) was ook bietjie in sy eie wêreld, maar baie nice.

V: En hoeveel vrouens was daar toe in die 2000 span?

A: Uhm. Wat was dit? Drie? Ja.

V: Okay.

A: Ja.

V: Nou, wat het julle gedoen vir ontspanning?

A: Uhm. Ek speel kitaar, so ons het baie... Altwee jare het ek, uhm... Ek baie kitaar gespeel, en toe ons in die ou basis was, het ons die een lounge daarso in die aande musiek gemaak. Daar was ’n paar dromme gewees, so die een jaar Marumo ’96, hy was ’n goeie djembe speler gewees.

V: O.

A: Gabrielle het goed kitaar gespeel, Danie Erasmus het harmonica gespeel. Ons het maar baie, ag baie musiek gemaak in die aande. Redelik, redelik uhm, creative gewees. So ons sou net... Die hele span sou net besluit het ons gaan vir ’n piekniek Ships toe, dan gaan ons Ships Cove toe en hou piekniek daar. Of gaan of Boulders toe as dit ’n nice dag is. En dan... En dan in die aande, of vir die funksies vir die verjaarsdae of iets, was daar altyd die... Ek weet nie of hulle dit nog hier het nie, die costumes...

V: Ja.

A: Het ons een kamer gehad en daar was altyd so... En almal het altyd baie moeite gemaak om ’n *specific theme*...

V: Ek wou juis vra oor die temapartytjies.

A: Ja, ja. Dit was groot gewees. En die ouens het baie, baie effort... Ja.

V: Is dit wat julle gedoen het met midwinter en dies meer?

A: Mmm. Die midwinters en die wat’s dit? Maid Marion en, ag vir al die verjaarsdae.

V: Okay.

A: Daar was groot temas gewees.

V: Wat...

A: Baie nice gewees.

V: Vertel my so bietjie van Maid Marion. Wat het julle gedoen?

A: Uhm, Jis, was dit in ’96, 1996? Ek kan nie eens onthou wat ons gedoen het nie. Ons het maar, dieselfde as altyd, al die mans het participate en die hele ding gedoen en die, en die girls gejudge.

V: O, okay, so die...

A: En ek dink die tweede jaar het ek, ek dink ek het ’n groot stuk kelp gekry, so ek het so ’n dress gemaak.

V: [lag]

A: [lag] Jy sal nie dink dit werk nie, maar dit het so half gewerk.

V: O, pret.

A: Ja.

V: Goed, uhm... Nou. Wat is julle interaksie met die ander basisse soos Gough, SANAE?

A: Baie-baie min.

V: Is dit?

A: Mmm. Ek dink ons het probeer om darts kompetisie te hou, maar die comms was regtig sleg gewees.

V: Ja.

A: So ons het eenkeer of twee keer maar nie baie nie. Ja.

V: En julle kommunikasie met Suid-Afrika?

A: Uhm. Jis ek weet nie...In ’96 was daar nie... Daar was nie internet gewees nie, so dis nie... So daar was een lyn gewees. Daar was ’n telefax gewees, of ’n, uhm, ’n foonlyn wat regtig moeilik was want daar was so ’n groot delay gewees.

V: Mmm.

A: So jy sou praat en dan is daar so twee sekondes delay, so dit was maar altyd bietjie moeilik gewees. 2000 was dit...

V: Toe’t julle...

A: ...’n Bietjie beter gewees, want toe was daar darem internet gewees...

V: Ja.

A: Want, ja... En dit het als deur die radiokamer gegaan.

V: O, okay.

A: So as jy iets wou e-pos dan het jy gewoonlik op jou rekenaar dit opgeskryf, en dan gaan jy soontoe om dit te stuur.

V: Okay. Nou, het julle ooit enige besoeke gehad van enige skepe of helikopters ...

A: Mmm, mmm.

V: Of so? O?

A: Die twee jaar is half gemerge. Dit is ’n bietjie fuzzy.

V: Ag dis oraait...

A: Maar die... Ek dink in ’96 het ons ja... Het ons... Iemand het medies, ons het die Patagonian Toothfish Vessel gewees, het die mense hulp nodig gehad, toe kom hulle na die eiland toe, toe’s hulle hier met so ’n klein rubber duck. Die een ou het opgekom, en ek dink dit was toe Chris de Beer, was ons Medic gewees. So hy het bietjie probeer help. Uhm. Ag, toe drop die ouens toe nog so ’n container Patagonion Toothfish wangetjies, ’n serious delicacy. Ek kan nou nie eers onthou of hulle legal of nie was nie, maar hulle is, hulle is weg. En toe is daar nog ’n ander. Ek dink daar was een ander insident ook. Die jaar toe... Was dit net na my jaar? Was dit? Ja, 1997, dit is die jaar na myne, was daar ’n insident gewees waar die Consultation Officer, was toe Deon Nel... Dit was ’n illegal vessel. Die kaptein het... Ek dink dit was die kaptein gewees wat hartprobleme gehad het.

V: O gits.

A: En toe, toe laat hulle hom nie op die eiland toe nie. Hulle het gesê daar is geen manier nie. En toe is die ou dood op pad terug Kaapstad toe.

V: Hoekom het hulle hom nie op die eiland toegelaat nie, want hulle was onwettig?

A: Omdat dit ’n onwettige vessel was, ja. Maar dit het nogal spanning veroorsaak in die span. Want van die ouens het gesê jy kan nie as ’n ou, ons geen nie om of hy legal of nie is nie, as die ou regtig sien hy het nie ’n kans nie, en hy gaan dood, dan moet jy help.

V: Ja.

A: En hy is toe nie opgelaat nie, en ja dit het nogal groot, groot friction veroorsaak.

V: En dit is nou die span na jou?

A: Dit is die span na my...

V: Ja.

A: Ja, ’97. Ja. [lag]

V: [lag] Jis. Nou, is daar enige insidente in jou jare waaraan jy graag terugdink?

A: Uhm.Ag,dis maar altyd om by ’n hut aan te kom, veral, ek het dit baie geniet, veral as jy moeg is.

V: Mmm?

A: Maar dit is maar, dis maar altyd as jy moeg is en jy het hard gewerk, dis nat, jy het *sleet horizontals* heeldag lank, en jy kom by ’n hut aan. Daar is min dinge wat beter as dit is

V: Ja?

A: Daar is min dinge wat beter as dit is.

V: Ja, dis waar.

A: So ja. Dit is maar soos as ek terug in PE is, en ek dink daaraan, om op die stoep by die hutte te sit as jy daar aangekom het en ’n koppie Milo te drink en sulke goed. Die span is ook... Dit is, uhm, dis nice, en ek het gehoor iemand van hierdie span het gesê hulle gaan dit baie mis om nie die heeltyd saam met vriende te bly nie.

V: Mmm.

A: En dit is waar, want jy’s heeltyd... Veral as jy ’n goeie span het, en jy het ouens met wie jy regtig goed oor die weg mee kom, want jy bly heeltyd met mense wat jy, met vriende regtig.

V: Mmm.

A: En dit is nogal, dis nogal lekker. So, ja. As jy van hier af weggaan dan gaan almal hulle eie paadjie, en...

V: Ja. Dis waar.

A: Hmm.

V: Okay. Nou, is daar enige insidente wat jy liefs nie, of nie so lekker aan terugdink nie? Is daar dalk slegte dinge wat gebeur het, mense wat met mekaar verskil het?

A: Uhm. Nee, nie regtig nie. Ek het persoonlike goed het ek probleme gehad. In ’96 is my ma oorlede, my broer is oorlede, nou dit. So dit was obviously moeilike, moeilike tye gewees. Maar tussen die span? Ag, daar’s minor incidents. Goed wat... Niks wat regtig, regtig groot was of... Niks regtig nie. Nee-nee. Ek dink die eerste keer toe ek, uhm, toe ek op my eie is en ek moet die sensus doen, was ek heeltemal verdwaal ten spyte van die feit dat ek twee keer Kildalkey toe is. Loop ek, en as ek nou terugdink, ek weet nie hoe ek dit gedoen het nie, maar dit was baie misty gewees. Toe loop ek na die sensus verby, Green Hills, loop so verby Kildalkey. Deur daai wedge lawa. Toe besluit ek “okay, ek gaan net aangaan, ek moet by Watertunnel uitkom”, en daar is seker 80 knope wind wat daar by Puisie wat rook ook afgewaai het...

V: Ja? Goeie genugtig.

A: ...Met sleet in my gesig. En ek dog ek gaan dood, toe uiteindelik is ek daar op, maar ja. Dit was rof gewees, baie-baie moeilik [lag] gewees.

V: [lag]

A: Als character building, niks wat ek regtig oor terugdink en dan, “jis ek moes dit nie gedoen het nie.”

V: Okay.

A: Ja.

V: Nou, die maaltye. Het julle nog vars kos gehad...

A: Mmm.

V: ...wat julle kon eet?

A: In ’96 het ons.

V: Wat het julle gehad?

A: Uhm. Tamaties, aartappels...

V: Regtig?

A: Kool...

V: En?

A: Eiers, heel hoenders, wortels, die hele drill, ja.

V: So het julle dit afgestuur, het julle dit gevries of...

A: Nee-nee.

V: Of het julle dit maar gekook terwyl dit gehou het?

A: Nee, nee. Ons het dit maar gehou en dan na so drie maande dan... Ag die tamaties obviously moet mens maar eet...

V: Ja.

A: Voordat dit afgaan. Die kool hou lank, wortels hou lank, aartappels hou lank, veral as dit in ’n koelkamer is.

V: Ja.

A: Lekker gewees om heel hoenders daar te hê. Ek onthou nog ek het... Ag, veral as ons meer as... As ons ’n paar mense in ’n hut is dra ons ’n hele hoender na ’n hut toe. Ons maak ’n oond daar en kook dit. En ek dink toe verander dit net na ’96...

V: Hmm?

A: SANAE ’97-oorname, dink ek, dis waar dit toe verander het.

V: Okay. Toe het hulle nie meer vars kos afgestuur nie?

A: Ja-ja.

V: Okay. En het julle ook ’n Environmental Officer gehad?

A: Uhm. Ja, ons het. Ons het. Dit wasin ’96, was dit Deon Nel gewees, en toe 2000 was ek die Conservation Officer.

V: Okay.

A: Ja.

V: En wat het dit behels?

A: Uhm. Seker maar soortgelyk soos wat dit nou is? Toe was dit die... Ag, al die alien vegetasie goed, langs spesies wat om die basis is te probeer onder kontrole hou. Die een grasspesies, ek het nou vergeet wat dit is, dit was aan die anderkant van die basis. Naby die basis...

V: Sagina?

A: Nie Sagina nie, Sagina kry jy oral. Maar dis ’n gras wat aan daai kant was wat ek moes spray, river side. Elke week of so.

V: Okay.

A: Daar is baie caustic soda van die ou weerstasie wat ons probeer containerise het. Uhm... Dit is baie, ek dink, seker maar soortgelyk soos wat dit nou is.

V: Hmm.

A: Enige enviromental issues of probleme soos illegal vessels, as ons dit gesien het partykeer van die hutte af, sal ons die ligte sien, dit als opskryf, dan ’n report ingee aan Martin en dan deurstuur na, na, wat is dit? DEAT? DEAT en Steven, ja.

V: Okay. Uhm. Nou terug by die maaltye. Het julle maar gemaak soos wat hulle vandag maak met die skivvy, en beurte gemaak met kos?

A: Mmm. Ja. Dit was maar rosters gewees, jy sal beurte vat. Nee, ek dink nou doen hulle soortgelyk. Ek dink nou kook hulle en hulle doen skottelgoed dieselfde dag.

V: Ja. Nee, ek dink een doen skottelgoed en die ander een doen die skivvy. Ek is nie seker nie.

A: Ja. [lag]

V: [lag]. Maar ek sal uitvind. Dis oraait.

A: Ja. Alhoewel, dit was soos die een dag kook jy, en dan die volgende dag doen jy skottelgoed.

V: Nou kan jy enige insidente of avonture met van die diere op die eiland onthou?

A: Baie. Ja.

V: Soos wat?

A: Uhm, Goeies en slegtes. Die... [lag] Dit was altyd vir my baie nice gewees om Watertunnel toe te gaan om scats te kry van, uhm, van die... Op te tel van Gazella's, die Antarctic fur seals.

V: Ja?

A: En daar was altyd die adult females. Daar was net... Toe... Ek... Hulle was nie heeltemal... Hulle het 'n bietjie verander in temperament. Want toe... Hulle was altyd baie nuuskierig gewees. As ek so rondloop op die plein en dan sal hulle my gevolg het.

V: O, ok?

A: En baie keer dan sou ek net sit... Die eenkeer het die... Twee van die females het agter my ingekom en hulle snoet hier op my, uhm, op my skouer gesit.

V: Rêrig?!

A: En dit was nogal exhilarating, en baie nice gewees. En die ander een was hier voor by Gunner's Point, was daar orcas gewees wat ingekom het. Die water was plat-plat-plat gewees. En ons het daar, daar was mos 'n tou, ek weet nie of hy nog daar is nie? Jy kon daaronder... Daar was so ledge gewees...

V: Hmm?

A: Wat jy op seevlak is, en uhm, toe kom die hele pod en hulle park reg voor ons. So, dit was regtig 'n halwe meter van ons af, het hulle net daar in die water gehang en ons uitgecheck, wat ongelooflik was.

V: Fantasties.

A: Net daar, ons kon aan hulle geraak het.

V: Wow.

A: En dit was nogal, uhm,nie intimidating nie, maar, uhm... En hulle het meer na ons gekyk, of hulle het net soveel na ons gekyk as wat ons na hulle gekyk het.

V: Ja.

A: Dit was nogal, nogal mind-blowing gewees. Ja.

V: Nice. Uhm. Goed, ons is amper klaar. Kan jy enigsins... Terwyl jy hier was, was daar ooit, uhm, enige geskiedkundige gebeure waarvan julle gehoor het van Suid-Afrika wat gebeur het in die tyd?

A: Ek moet sê ek het... Persoonlik het ek nie regtig track gehou met wat daai kant aangegaan het nie. In '96 was dit net te moeilik gewees. In 2000, ag met die internet, het ons, ag elke nou en dan so 'n bietjie news flashes gedownload. Net headlines. Maar nee, daar is niks wat ek regtig, wat regtig groot was nie, wat ek kan onthou nie.

V: Nou, jy het nou na 11 jaar, wel 11 jaar hier aangekom, en hoe was dit om weer die eiland te sien?

A: Ek was... Ek het so 'n hele klompie oornames gedoen.

V: Hoe was jy op oornames?

A: Van 2000.

V: Okay.

A: Ek was by so paar gewees. Ek was nou laas was ek in 2006 hier.

V: Okay. So met ander woorde, soos jy nou gesê het, jy het die oornames gedoen, so jy het ook gesien hoe die basis gebou is?

A: Ek het net... Ek dink in 2006 was hier... Die shell was hierso gewees.

V: Okay.

A: Ons kon nog nie ingekom het of regtig gekyk het nie, maar, uhm, ja. Soos nou hier is... Toe ek nou in Maart gekom het, ons het ’n PE trip gedoen, toe is dit die eerste keer wat ek nou die hele basis regtig sien dat ons kon inkom en rondkyk, ja.

V: En wat dink jy van die nuwe basis in vergelyking met die oue?

A: Uhm. Eerste is dit... Eerstens, ek dink die eerste response was so bietjie negatief, want jy is so gewoond aan... Dit was home gewees vir so lank. Redelik klein en cozy en voldoende. En hierdie basis is baie groot. Dit voel partykeer bietjie over spec, maar, uhm, hoe meer mens gewoond raak daaraan... Ek bedoel dis baie gemaklik. Dis ’n, dis ’n, dis ’n baie nice basis, basis. There is no denying that. Dis nie so intiem of wat is dit, wat is die woord? Dit is nie, dit voel bietjie groot, dis meer... Dit voel vir my asof dit ’n bietjie meer gebou is vir die oorname.

V: Mmm.

A: Uhm. Onthou, die vorige basis was regtig vir ’n jaar gewees, en so bietjie ongemaklik en goed

g edurende oorname...

V: Mmm.

A: ...En dis nou anderste om.

V: Ja, ek sien.

A: Want, ek dink die span gaan bietjie... Dit gaan bietjie groot wees vir ’n span. Vir die, vir die overwintering span.

V: En, hoe dink jy sal die vibe verander of het die vibe verander vanaf die ou basis na die nuwe basis?

A: Ag ek is, dit hang maar af van die spanne, ek dink nie dit gaan regtig so ’n groot verskil maak nie. Ek dinkmeer belangrik, meer belangrik is die eintlike basis... Is die feit dat jy nou Facebook en die internet... Die, die... Dit is heel maklik nou om attached te wees met wat met die res van die wêreld en al jou vriende en al die goed aan te gaan. Ek dink, ek dink die mense sit maklik op hulle rekenaars vas.

V: Mmm. En...

A: En sal in plaas daarvan om entertainment te maak... Ons sou as jy... Ons sou as ’n span uitgaan en iets doen, of, of regtig effort insit om, om iets saam te doen, waar nou is daar soveel entertainment van die rekenaar af en deur die internet kan kry wat dit seker ’n bietjie anders maak...

V: Okay. Nou wat dink jy is die nut daarvan om so ’n basis op Marion te hê?

A: [lag] Uhm, obviously to facilitate science.

V: Mmm.

A: So, ja. Mens kan nou regtig goeie navorsing doen, want met die vorige basis was dit moeilik. Nie moeilik nie, maar moeiliker.

A: So hierdie is baie gemaklik. Uhm. Dit is duidelik. Dit is ’n environment wat, wat mens kan baie gedoen kry. So ek dink die, die mense wat over winter, ek, ek dink daar gaan moontlik ’n...Uhm... Moontlik meer, of of of mense kom met hoër qualifications.

V: Mmm.

A: Wat so bietjie, bietjie verder is in hulle studies of wat ook al is.

V: Ja.

A: Want mens kan soveel doen nou. Met isotopes met al hierdie goed. Ek meen die labs hieronder is ongelooflik.

V: Mmm.

A: So, so vir... Maar hierdie is regtig, die basis is vir wetenskap te doen, en van daai *point of view*, dink ek dit sal baie goed doen.

V: Okay.

A: Mmm.

V: O, jy het netnou iets genoem van visvang.

A: Mmm.

V: Vertel my so bietjie van julle, van daai aktiwiteit.

A: Ja. Jissou ek weet nie of ek mag nie, ek dink nie eens dit was legal nie. [lag]Maar [lag] dit was ek en Danie Erasmus gewees.

V: Ja?

A: En hy was nogal 'n character gewees. 'n Boer van waar? Ek kan nie eens onthou, ons is nog vriende. Maar uhm... Ons het maar net van die punt af gevang. Hy het 'n visstok gebring.

V: Oh, okay.

A: Toe gaan ons van die punt af en...

V: Wat het julle gevang?

A: Ons het dit Antarctic Cod genoem. En ek weet nie eens of dit is wat dit was nie.

V: Hierdie?

A: En dit, ag ons het dit gebraai, ons het toe mos al die koskassies gewees.

V: Okay.

A: So al die kos en al die goed het in die koskassies gekom.

V: So jy kon fisies met daai hout...

A: Jy kon met daai hout kon jy 'n vuurtjie maak...

V: Okay.

A: En...

V: 'n Vissie braai?

A: 'n Vissie braai. Maar dit was nie verskriklik lekker gewees nie. Ons het so een of twee probeer maar dit het redelik bland...

V: Hoeveel het julle gevang?

A: Ons het redelik..., 'n klomp. Ons het seker iets, ek dink net die twee oggende het ons... Naweke het ons op die punt gesit en, ag so ses, ses gevang of iets soos dit. Uhm.

V: En hoe het die goed gelyk?

A: Soos 'n Cod.

V: Okay.

A: Amper soos 'n Rock Cod.

V: Ja.

A: Groot kop, uhm. Nie verskriklik baie vleis op nie, maar dit was nie so rooi soos die vis wat ons vandag gesien het nie.

V: Okay.

A: Ligter, ligter in kleur.

V: Helderder selfs? Of nie...

A: Nee, meer 'n silwer as 'n...

V: Oh.

A: ...as 'n rooi, so ver ek kan onthou.

V: Ja-nee.

A: Dit is 'n lang tyd terug.

V: Ja-nee, dis... Ek wonder maar net.

A: Ja.

V: Goed. Nou, ’n laaste ding. Beskryf Marion.

A: [lag] Beskryf Marion, van watse point of view?

V: Anyone you like.

A: ’n Eiland in die subantarkties [lag]. Dit is ’n rowwe, dis ’n rowwe eiland wat ongelooflik mooi is, en dit is net die feit dat dit, uhm, so pristine is, dit laat jou voel asof dit hoe dinge... Dit laat jou voel asof dit is hoe dinge regtig moet lyk. So, en so... En deels is dit asof dit nie deel van die regte wêreld is nie, maar aan die ander kant voel dit asof dis hoe dinge was voor ons regtig skade gemaak het.

V: Mmm.

A: Vir my is dit net ’n ongelooflike plek omdat dit so pristine is. Die wildlife is obviously ongelooflik, so as jy baie geïnteresseerd is in die marine mammals en die seevoëls. En dan, ja, net die feit dat dit so pristine is. Dit is vir my ongelooflik.

V: Dankie uhm...

A: Dis worth it.

V: Is daar enigiets wat jy wil byvoeg oor jou tyd of iets?

A: Nee- nee. Ek dink that is about it.

V: Okay. Goed, baie baie dankie.